**Die Here roep Moses (OP163)**

**Eks 3:1-12**

**11 Februarie 2024**

Laas keer het ons na Eks 2 gekyk, en opgelet dat die Here besig was om alles gereed te kry vir die verlossing van Sy volk. In besonder was die Here besig om Moses voor te berei vir die rol wat hy sou speel in hierdie verlossing. Reeds met sy geboorte is Moses beskryf as mooi in die oë van die Here, en dit het duidelik geword dat die Here 'n besondere doel met hom het. Deur die geloofsdaad van sy ouers wat hom in 'n mandjie in die Nyl gesit het, word sy lewe gespaar, en word hy groot deels in sy ouerhuis, en deels in die paleis van die farao. Op die ouderdom van 40 jaar tree hy uit eie inisiatief op as verlosser vir die volk deurdat hy 'n Egiptenaar doodslaan. Hy word egter deur sy volksgenote verwerp, en die farao wou hom doodmaak – daarom vlug Moses na Midian. Gedurende die volgende 40 jaar worstel Moses met wat hom te doen staan, en kom tot die slotsom hy is 'n vreemdeling in 'n vreemde land.

In parallel met die werk wat die Here in Moses se lewe gedoen het, was die Here ook op ander fronte besig om alles voor te berei vir die verlossing van die volk. In Egipte het die farao wat Moses wou doodmaak gesterf, in die beloofde land was die sondeskuld van die Amoriete besig om vol te word, en in Egipte het die volk Israel die punt bereik waar hulle tot die Here om hulp geroep het. En die Here het hulle gehoor, Hy het gedink aan Sy verbond, Hy het hulle gesien en van hulle kennis geneem. Alles was nou gereed vir die volgende stap om Sy volk te verlos.

Vandag wil ek na Eks 3:1-12 kyk. Ek wil dit bespreek onder die volgende drie punte: (1) Moses se optrede in Midian (v1), (2) Die Here se verskyning aan Moses, insluitend Moses se roeping (v2-10), en (3) Moses se onwilligheid om die roeping na te kom (v11-12).

<u>Moses se optrede in Midian (Eks 3:1)</u>

Lees Eks 3:1. Soos ons laasweek gesien het was Moses vir die afgelope 40 jaar in Midian (Hand 7:30). Daar het hy geworstel met die feit dat sy volk hom nie as hulle verlosser gesien het nie, trouens hy het die punt bereik waar hy die gevolgtrekking moes maak hy is 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Met die aanbreek van Eks 3, is Moses reeds 80 jaar oud. En hy is 'n veewagter vir sy skoonpa, Jetro, se kleinvee. Dit was sekerlik nie onbelangrik vir hom om te leer om vee op te pas nie – dit sou later vir hom nuttig wees toe hy as leier vir die volk moes optree. Maar ons kan ons indink dat Moses geworstel het met die vraag of dit nou is wat die Here vir hom in gedagte gehad het – om sy skoonpa se veewagter te wees.

Ons lees Moses het die vee diep die woestyn in gejaag opsoek na weiding. Kommentatore is dit redelik eens dat hy wes getrek het van Midian af, en gevolglik het hy so by Horeb aangekom. Horeb het ook die naam Sinai gehad – in Hand 7:30 word dit so genoem. Natuurlik het hierdie berg 'n groot rol gespeel in Moses se lewe – trouens daar is 'n hele paar berge wat 'n groot rol in sy lewe sou speel: Hier in Eks 3 lees ons dat dit by hierdie berg was dat die Here Moses geroep het, soos wat ons later sal sien – Sinai is dus die berg van Moses se roeping deur die Here. Later, in Eks 19-34 word dieselfde berg die berg van openbaring, waar die Here Hom aan Moses en die volk openbaar op 'n besondere manier. In Deut 34:1 lees ons van 'n ander berg in Moses se lewe: die berg Pisga, wat teenoor Jerigo lê aan die ander kant van die Jordaanrivier in die gebied van Moab, waar Moses gesterf het kort voor die volk die beloofde land sou ingaan. Motyer noem dit die berg van teleurstelling vir Moses. En dan is daar Mat 17:3 – waar ons lees dat Moses saam met Jesus en Elia op die berg van verheerliking was – Motyer noem dit die berg van Moses se tuiskoms. Verseker

moes dit vir Moses ‘n groot voorreg gewees het na Pisga, om saam met Jesus op die berg van verheerliking te kon wees.

Eks 3:1 noem Horeb die berg van God. Dit word nie so genoem omdat God daar gewoon het nie – dit word die berg van God genoem omdat die Here Hom daar op ‘n besondere manier geopenbaar het aan die volk, en ook aan ons. Al speel die berg so ‘n belangrike rol in die openbaringsgeskiedenis, is dit opvallend dat ons nie met sekerheid weet waar die berg is nie. Die tradisionele siening is dat die berg in die suide van die Sinai-skiereiland geleë is. Maar daar is ook ‘n siening dat dit moontlik in die noordooste van die Sinai-skiereiland kon wees, naby Kades Barnea. ‘n Derde siening is dat dit noordoos van die golf van Aqaba kon wees iewers in die gebied van Arabië. Cole maak die opmerking in die Tyndale kommentaar oor Eksodus dat dit opmerklik is dat die volk nie later enige spesifieke waarde aan die fisiese ligging van die berg gekoppel het nie, maar hulle het wel waarde geheg aan wat daar gebeur het en wat die Here daar geopenbaar het. Dit sal vir ons ook nuttig wees om hierop ag te slaan.

<u>Die Here se verskyning aan Moses, insluitend Moses se roeping (Eks 3:2-10)</u>

In Eks 3:2-10 verskyn die Here aan Moses. In hierdie verse is daar 4 aspekte waarvan ons moet kennis neem: (1) Die Here is heilig, (2) Die Here is die Verbondsgod, (3) Die Here gaan Sy volk verlos, (4) Die Here roep Moses. Kom ons kyk na elkeen:

**(1) Die Here is heilig**. In vers 2 lees ons dat die Engel van die Here aan Moses verskyn het. Die vraag is natuurlik wie is hierdie Engel van die Here? Uit verse 4 en verder blyk dit dat dit die Here is wat uit die brandende bos met Moses praat. Ons moet dus aflei dat die Engel van die Here ook die Here is. In Eks 14:9 lees ons dat dit die Engel van die Here is wat voor die volk uittrek, en ook agter hulle inskuif as die Egiptenare hulle agtervolg. In Eks 23:20-23 is dit die Engel van die Here wat saam met die volk trek. Motyer sê hierdie Engel van die Here is dus enersyds volledig deel van die Godheid, aan die ander kant is dit daardie “Deel” van die Godheid wat Metgesel is van die sondige volk. Kaiser sê hierdie Engel word deur God die Vader uitgestuur om hierdie rol as Metgesel te vervul. Dit blyk dus dat die Engel van die Here ‘n verskyning van die Here Jesus self is, en dat Hy deur God die Vader gestuur word voor Sy menswording aan die begin van die Nuwe Testament. Soos wat ons laasweek opgemerk het, en soos wat ons nog verskeie kere in Eksodus sal sien, is Moses ‘n Ou Testamentiese tipe van die Here Jesus. Dit is dus die Here Jesus wat in hierdie verse Moses roep om as ‘n tipe van die Here Jesus op te tree.

Ons lees ook dat die Engel van die Here aan Moses verskyn het in ‘n vuur wat uit ‘n doringbos opgevlam het, en boonop dat hierdie doringbos nie uitgebrand het nie. Hoekom het die Engel van die Here juis in ‘n vuur aan Moses verskyn? Dit is natuurlik nie die enigste plek in Eksodus waar die Here in vuur sigbaar word nie: In Eks 13:21 en op verskeie ander plekke lees ons van die wolk en vuurkolom waarin die Here verskyn het wat aan de volk die pad gewys het waarlangs hulle moet trek. In Eks 19:18 lees ons dat die Here in vuur uit die hemel neergedaal het op die berg Sinai, en in Eks 40:38 lees ons van die wolk van die Here wat bedags en die vuur wat snags oor die tabernakel sigbaar was.

Trouens, hierdie assosiasie van die Here met vuur kom alreeds vanuit Genesis – onthou hoe die Here in ‘n brandende oond tussen die stukke diere deurbeweeg het tydens die sluiting van die verbond met Abraham in Gen 15:17.

Die rede waarom die verskyning van die Here met vuur geassosieer word, is dat vuur ‘n medium is waardeur reiniging bewerk word – dink maar net hoe die onsuiwerhede uit

metale weggebrand word met vuur. Die feit dat die verskyning van die Here met vuur gepaardgaan, getuig dus van die Here se heiligheid. Hy is absoluut heilig, trouens Hy is driemaal heilig. Hy is heilig, heilig, heilig. Die Bybel beskryf nie ‘n ander eienskap van die Here op dieselfde manier as die Here se heiligheid nie. Ons moet dit nie mis nie: die Here se heiligheid staan uit bo al Sy ander eienskappe. Die feit dat die vuur waarin die Here aan Moses verskyn op Sy heiligheid dui, word verder bevestig deur die feit dat die Here in vers 5 sê die grond waarop Moses staan is heilig – want die Here is daar, en Hy is heilig.

Die groot probleem is natuurlik dat geen mens sedert Gen 3 heilig is nie, maar God is drie maal heilig. In Gen 3 was die gevolg dat Adam en Eva uit die tuin gestuur is – die intieme gemeenskap tussen God en mens is verbreek, want die mens is sondig, maar die Here is steeds heilig. Dink aan Eks 19 as die Here in vuur op die berg Sinai neerdaal – dan mag die volk nie eens aan die berg raak nie – want God is heilig, en die volk nie. Dink aan Ps 24:3-4: “Wie mag teen die berg van die Here opgaan en wie mag in Sy heiligdom staan?” En die antwoord: “Die mens met skoon hande en ‘n rein hart wat nie na nietigheid hunker en nie sweer by wat vals is nie...” – die probleem is niemand voldoen aan hierdie vereiste nie. Dink aan die manne van Bet-Semes toe daar 70 van hulle gesterf het nadat hulle die ark van die Here bekyk het – hulle het gevra: “Wie kan voor hierdie heilige God, die Here, staande bly?” (1 Sam 6:20). Of dink aan Jesaja in Jes 6:3-5 waar hy die visioen van die Here se troon sien en die serafs hoor roep: “Heilig, heilig, heilig is die Here, Heerser oor alle magte”. En dan sê Jesaja: “Wee my, want ek is verlore! Want ek is ‘n mens met onrein lippe en by ‘n volk met onrein lippe woon ek. Ja, my oë het die Koning, die Here, Heerser oor alle magte, gesien.”

Dink nou weer aan Moses: 40 jaar gelede het hy eiesinnig probeer om die volk van die Here te verlos deurdat hy moord gepleeg het. Hy is ‘n moordenaar, hy is sondig. Dit is ‘n groot probleem as ‘n sondaar in die teenwoordigheid van die heilige, heilige, heilige God kom. En hier is die verstommende wat ons nie mag mis kyk nie: Die heilige God verskyn aan die sondaar Moses. Ja, weliswaar stop die Here Moses as hy nader wil kom, en Hy waarsku hom die grond is heilig. Maar, steeds is dit so dat die Here hom aan Moses bekend maak. Ja, Moses moet sy skoene uittrek, maar die Here praat met Moses. Ja, Moses het sy gesig bedek want hy was bang om na God te kyk. Maar nogtans roep die Here: “Moses! Moses!” Die verstommende is die heilige God roep ‘n sondaarmens om in Sy teenwoordigheid te kom. Nog meer verstommend, die Here roep Moses omdat Hy deur hom aan ons wil leer hoe Hy dit moontlik gaan maak dat sondaarmense wel in Sy heilige teenwoordigheid mag kom.

Begin jy verstaan hoekom Moses se eiesinnige optrede 40 jaar gelede, so onvanpas was? Verstaan jy hoekom Moses 40 jaar in Midian moes gaan worstel het? Verstaan jy hoekom hy by die punt moes kom om te erken hy is ‘n vreemdeling? Want die Here roep hom om in Sy heilige teenwoordigheid te kom. Hier is nie plek vir eiesinnige optrede nie. Net nederige erkenning van die heiligheid van die Here wat hom roep. Moses het destyds gedink hy kan as verlosser van die volk optree en hulle van die onderdrukking deur die Egiptenare verlos, maar wat die Here nou begin duidelik maak, is dat die probleem veel groter is. Die probleem is veel groter as ‘n volk wat fisies verdruk word – die probleem is die volk is sondig, hulle is onheilig, en die Here is driemaal heilig. Daarom kan hulle nie in Sy teenwoordigheid kom nie. Daarom is daar vyandskap tussen hulle en die heilige God. Dit is ‘n veel groter probleem as die Egiptenare. Dit is ‘n probleem waaraan selfs Moses niks kan doen nie, want selfs hy is ‘n sondaar en moordenaar. 40 jaar in Midian was nodig sodat Moses dit behoorlik kon begryp. Begryp jy dit al?

**(2) Die Here is die Verbondsgod.** Nou dat Moses met die heiligheid van die Here gekonfronteer is, en hy kaalvoet op die heilige grond staan, sê die Here vir Moses: “Ek is die God van jou voorvader, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob.” Wat bedoel die Here hiermee? Die Here herinner Moses aan die feit dat Hy die Verbondsgod is. Die Here wil Moses hierdeur daaraan herinner dat Hy die getroue Verbondsgod is, wat nie van plan verander nie. Wat Hy aan Moses se voorvaders beloof het, in besonder wat Hy aan Abraham beloof het en met ‘n eed bevestig het, staan steeds vas. Moses moet hierdeur bemoedig word. Moses moet homself herinner hoe Abraham eenvoudig die beloftes van die Here geglo het en uit sy vaderland getrek het na die beloofde land toe. Moses moet onthou hoedat die Here aan Abraham ‘n groot nageslag beloof het – en kyk hoe groot is die volk nou. Moses moet onthou die Here het beloof die vierde geslag sal na die beloofde land terugkeer – en dit is wat nou op hande is. Moses moet onthou hoedat Isak se lewe gespaar is omdat die Here self die plaasvervangende offer voorsien het – die Here wil juis dit deur Moses verder verduidelik. Moses moet onthou hoedat Jakob deur bedrog die eersgeboortereg van sy broer bekom het, terwyl die Here met sy geboorte dit al aan hom beloof het. Moses moet onthou die Here is oppad om Sy verbondsbeloftes na te kom – hy hoef nie self inisiatief te neem nie, nee, hy moet leer om op die Here te wag, en om dan in gewillige gehoorsaamheid te doen wat die Here van hom vra. Al beteken dit hy moet 40 jaar in Midian wag.

Soos wat daardie vuur in die brandende bos nie uitbrand nie, so is daar niks wat die uitvoering van die plan van die Here sal uitdoof nie. Nie net is die Here heilig nie, nee, Hy is ook die bron van lewe, Hy is self-voorsienend, Hy is self-genoegsaam, Hy is almagtig, Hy is alwys, Hy kry alles gereed vir die uitvoer van Sy plan, en niks sal Hom van stryk bring nie. Hy is die Verbondsgod.

**(3) Die Here gaan verlos.** In verse 7-9 maak die Here aan Moses bekend dat Hy op die punt staan om die volk te verlos uit Egipte. Lees vers 7. Let op die drie dinge wat die Here hier noem: (1) Hy het die ellende van die volk gesien, (2) Hy het die noodkreet van die volk oor hulle slawedrywers gehoor, en (3) Hy ken hulle leiding. Onthou in vers 6 was dit duidelik die Here het gedink aan Sy verbond, en nou sê Hy Hy het die ellende gesien, hulle noodkrete gehoor, en Hy ken hulle leiding. Onthou jy Eks 2:24-25: Die Here het gehoor, gedink aan Sy verbond, hulle gesien en kennis geneem. Nou lees ons die Verbondsgod het gesien, gehoor en geken.

In verse 8-9 verduidelik die Here nou wat Hy gaan doen. Die Here sê Hy het afgekom – ons kan aflei Hy het afgekom uit die hemel, soos wat Hy nou met Moses praat op Horeb. En die doel met Sy afkoms is om die volk te red uit Egipte en om hulle te laat trek na ‘n goeie en uitgestrekte land wat oorloop van melk en heuning – soos wat Hy al aan Abraham beloof het. Hy sal ook die inwoners van die beloofde land vernietig – die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriete, die Feresiete, die Hewiete en die Feresiete – soos wat Hy al aan Abraham beloof het. En dit blyk ook dat die Egiptenare die prys gaan moet betaal vir die verdrukking van die volk – soos wat die Here al aan Abraham beloof het.

Moses moes raaksien hoe verskillend die situasie nou is teenoor sy poging 40 jaar gelede om die volk te verlos. Dit gaan oor veel meer as om die volk te verlos van fisiese verdrukking deur die Egiptenare – dit gaan ten diepste daaroor dat die Here die volk wil bring by heiligheid sodat hulle weer in Sy teenwoordigheid kan kom, dit gaan ook selfs oor meer as die volk – ook die Egiptenare en die bewoners van die beloofde land moet die oordeel ontvang wat hulle verdien – maar eers nadat hulle voldoende geleentheid gehad het om

hulle te bekeer. Moses het 40 jaar gelede een-dimensioneel gedink en was net besorgd oor die volk se fisiese lyding. Die Here ook die fisiese lyding van die volk aan – maar Hy spreek soveel meer aan: Hy spreek hulle geestelike nood aan, en Hy spreek ook die ander nasies se optrede aan.

**(4) Die Here roep Moses.** Lees vers 10. Hier is die formele roeping van Moses deur die Here. In Sy wysheid het die Here besluit alles is nou gereed om Moses te roep sodat hy die rol kan vervul wat die Here besluit het hy moet vervul. Die opdrag van die Here is duidelik: "Gaan dan nou! Ek stuur jou na die farao om my volk, die Israeliete, uit Egipte uit te lei." Dit is so anders as 40 jaar gelede toe 'n eiesinnige Moses 'n Egiptenaar doodgeslaan het. Nou is dit binne die konteks van die driemaal heilige God wat optree, wat spesifiek binne Sy verbond optree, wat Moses behoorlik voorberei het, wat die situasie onder die volk, die Egiptenare en die inwoners van die beloofde land behoorlik voorberei het, wat weet alles is gereed om Sy verlossingsplan te demonstreer. Nou roep die Here Moses.

<u>Moses se onwilligheid om die roeping na te kom (Eks 3:11-12)</u>

Lees verse 11-12. Die verstommende is dat Moses nou huiwerig en onwillig is. 40 jaar gelede was hy heel gewillig en vol bravade om die volk se verlosser te wees. Nou is Moses huiwerig en onwillig. Ek kyk vandag net na verse 11-12. In die opvolgende verse is daar meer besware wat Moses opper waarna ons by 'n volgende geleentheid sal kyk.

Die vraag is: hoekom is Moses nou huiwerig en onwillig? Dink jou Moses se situasie in. Vir 40 jaar het hy in Midian gedink oor die gebeure destyds. Ja, dit is so die farao wat hom destyds wou doodmaak, is intussen oorlede en daar is 'n nuwe farao wat aan bewind is. Maar dit is netso waar dat 'n groot gedeelte van daardie geslag van die volk wat hom destyds geken het, ook intussen oorlede is. As hulle hom destyds nie as verlosser wou erken nie, hoeveel te meer sal dit nou onwaarskynlik wees dat hulle hom nou sal erken – die volgende geslag ken hom nie eens nie. Immers het hy vir 40 jaar "verdwyn". Hoekom sal hy hierdie keer suksesvol wees? Boonop, laas keer het hy net 'n geveg met 'n Egiptenaar aangeknoop – die farao het eers later daarvan gehoor. Maar hierdie keer stuur die Here hom direk na die farao toe. Hy moet direk die farao gaan konfronteer! En sê nou die farao vind uit van wat 40 jaar gelede gebeur het? Hoekom moet juis hy gaan? Is daar nie iemand anders meer geskik nie?

Die antwoord van die Here in vers 12 is kosbaar: "Ek is immers by jou" – en dit maak die wêreld se verskil! Moses is reg – hyself is onbevoeg vir die taak, hy het ernstige beperkings, hy het 'n swak rekord om die volk te kan uitlei. En let op, die Here verskil nie van Moses nie. Die Here sê nie vir Moses Moses is bekwaam vir die taak nie, ook nie dat hy hierdie tweede keer 'n sukses daarvan sal maak nie. Nee, wat die Here vir Moses sê, is: "Jy is reg – jy is onbevoeg vir die taak – dit was al 40 jaar gelede duidelik. Maar Ek is meer as bevoeg vir die taak. Let op, Ek stuur jou nie maar net nie. Ek is by jou! Ek stuur jou nie weens jou vermoë nie. Nee, Ek stuur jou weens My vermoë. Ek stuur jou terwyl Ek saam met jou gaan. Onthou, Ek het in vers 8 al gesê Ek het van die hemel afgekom om hulle te red. Ek gaan hulle red. Jy is die instrument wat Ek gaan gebruik, maar dit is Ek wat hulle gaan red. Daarom gaan Ek saam met jou." Soos Abraham, soos Isak, soos Jakob, soos Jogebed moet Moses in geloof gaan, hy moet die Here vertrou as die Here onderneem om saam te gaan, as die Here onderneem Hy sal die redding bewerk. Moses moet nie met vertroue in sy eie vermoëns gaan nie, maar met geloof in die vermoëns van die Here.

In vers 12 gee die Here ook vir Moses 'n teken. Dit was 'n teken vir Moses self, 'n teken wat Moses moes oortuig dat dit die Here is wat hom gestuur het. Die teken is: wanneer Moses die volk uit

Egipte gelei het, sal hulle die Here op hierdie selfde berg, Horeb, oftewel Sinai, dien. Dit klink vir ons na 'n vreemde teken, selfs na 'n nie baie nuttige teken nie. Immers sal die teken eers waar word nadat Moses die volk onder leiding van die Here uit Egipte gelei het. Teen daardie tyd is die volk tog reeds verlos. 'n Teken wat nou al sigbaar sou wees, sou tog meer nuttig vir Moses wees om hom te bemoedig. Wel, ons sal nog later lees van die tekens wat die Here vir Moses gegee het om voor die volk en die farao te gaan doen – hierdie tekens was wonderwerke wat sekerlik 'n duidelike teken was dat die Here by Moses was en dat die Here deur hom die volk sou verlos.

Maar hierdie teken dat hulle na die uittog die Here by die berg Sinai sou aanbid, was net so 'n bemoediging vir Moses. Onthou die volgende: heelwaarskynlik was die berg Sinai in die suidelike deel van die Sinai-skiereiland geleë (alhoewel daar ook ander opinies is). Dit beteken Sinai lê glad nie op die kortste pad van Egipte na die beloofde land nie. Toe die Here die volk wel eventueel uit Egipte gelei het, het hulle nie die kortste pad na die beloofde land gevat nie. Dit het die farao verwar, hy het gedink hulle dwaal in die woestyn rond (Eks 14:3). Selfs die volk het spoedig moed verloor toe hulle deur die woestyn trek (Eks 16:3). Maar al het dit gelyk of die volk doelloos in die woestyn ronddwaal, het Moses geweet hulle het 'n afspraak met die Here om Hom by Sinai te ontmoet. Drie maande na die uittog was hulle daar – soos wat die Here beloof het hulle sou doen. Terwyl die volk mor oor die trek deur die woestyn, het Moses geweet waarheen hulle op pad was. Kan jy jou indink hoeveel keer Moses oor die volgende 40 jaar moes terugdink dat soos wat hulle in daardie eerste 3 maande na die uittog nie doelloos rondgedwaal het nie, maar doelgerig op pad was om die Here te ontmoet, netso was daar ook 'n doel in die volgende 40 jaar van rondswerf in die woestyn. Die teken van die diens aan die Here by Sinai was vir Moses bemoediging op pad na Sinai, en selfs ook vir die volgende 40 jaar na Sinai. Dit was 'n sinvolle bemoediging van die Here om hom te herinner die Here is by hom.

<u>Implikasie vir ons</u>

Die vraag is: Wat is die implikasie van al hierdie gebeure vir ons? Ek is oortuig dit spreek boekdele vir ons juis in die tyd waarin ons leef.

Ons leef in 'n tyd van kitsoplossings. Alles moet vinnig gebeur, selfs in die kringe waarin gelowiges beweeg. Ja, gelowiges is oortuig die Here red mense. En ons wil graag gered wees. Die vraag is egter of die redding wat ons wil hê, dieselfde redding is as wat die Here besig is om te bewerk vir Sy kinders. Ek kry die indruk baie mense wat hulleself gelowiges noem, is bloot op soek na die redding wat Moses wou bewerk voor hy Midian toe is. Hulle is nie op soek na die redding wat die Here na die 40 jaar in Midian sou bewerk nie. Kom ons kyk na die situasie voor Midian: Dit was tog duidelik wat die probleem is: Die Egiptenare verdruk die uitverkore volk van die Here. Die belofte van die Here is 'n beloofde land wat oorloop van melk en heuning. Moses is die een wat die verlossing moes bring. So, Moses tree op – hy begin deur 'n Egiptenaar dood te slaan. Sy benadering is: wis die Egiptenare uit, dan kan die volk na die beloofde land trek. Dit is soortgelyk aan die sogenaamde evangelie wat deesdae baie gewild is: Gelowiges kry swaar – hulle word dikwels in die gemeenskap of by die werk te na gekom, hulle is die slagoffer van misdaad, hulle word siek, hulle verloor hulle werk – in kort, hulle word verdruk deur die wêreld, soos wat die Israeliete deur die Egiptenare verdruk is. Die verlossing wat hulle soek is om verlos te word van al hierdie swaar dinge wat met hulle gebeur – soos wat Moses op 40-jarige leeftyd probeer doen het. Hulle soek 'n gemaklike lewe in 'n land wat oorloop van melk en heuning. En daar is vandag baie kerkgroepe wat dit aanbied – dien die Here en dit sal met jou goed gaan!

Maar dit is glad nie die verlossing wat die Here in gedagte het nie. Nee, Sy verlossing handel oor daardie probleem wat in Gen 3 ontstaan het – die skeiding wat daartussen God en mens gekom het

weens die sondeval. Sy verlossing spreek die probleem aan van ‘n sondige mensdom wat nie in die teenwoordigheid van die heilige God kan kom nie. Die feit van die saak is dat die verdrukking van die volk in Egipte is nie maar net die gevolg van ‘n goddelose Egiptiese volk wat die uitverkore volk verdruk nie. Nee, die verdrukking is a.g.v. die uitverkore volk wat in afgodery en geestelike owerspel verval het. Om maar net die Egiptenare uit te wis, los glad nie die probleem op nie. Dit spreek net die simptome aan. Dit is waarom die Here Moses uit ‘n brandende bos roep en hom op heilige grond laat staan. Die werklike probleem is die volk se gebrek aan heiligheid. Die verlossing wat die Here in gedagte het is om die wortel van die probleem aan te spreek. Moses moet verstaan die Here gaan die volk verlos in lyn met Sy verbond met Adam, en Noag, en Abraham. Ja, die Here gaan hulle uit Egipte lei, maar dit is bloot die eerste deel van die verlossing. Daarna gaan hulle Sinai toe moet gaan. Daarna gaan hulle nog 40 jaar in die woestyn wees. En eers daarna gaan hulle in die beloofde land intrek.

Dit alles is ‘n prentjie van die verlossing wat die Here in gedagte het vir gelowiges. Die verlossing wat Hy bewerk is nie maar net ‘n verlossing van swaarkry in hierdie lewe nie. Nee, die verlossing wat Hy bewerk is om gelowiges by heiligheid uit te bring. En dit is ‘n lewenslange proses. Geen gelowige bereik die eindpunt in hierdie lewe nie. Ons word weliswaar tydens hierdie lewe uit Egipte verlos, maar die res van ons aardse lewens swoeg ons in die woestyn in ‘n proses van heiligmaking. Ons bereik die beloofde land eers aan die einde van ons lewens - die heiligmaking word eers in die hiernamaals voltooi met ons heerlikmaking. Onthou, die Here is driemaal heilig, en ons sondig – daar is baie werk wat gedoen moet word. Dit is nie maar net die Egiptenare wat uitgeroei moet word nie. Nee, ons moet heilig gemaak word.

Soos wat Moses deur die Here bemoedig is met die teken dat hulle die Here na die uittog by Sinai sou aanbid, het die Here ook aan ons tekens gegee wat ons moet bemoedig op ons tog deur die woestyn tydens ons aardse lewens. Gaan lees weer die profetiese rede van die Here Jesus waar Hy ons vertel wat ons in die laaste dae kan verwag. Gaan lees weer Openbaring waar die Here ons leer wat ons op die pad deur die woestyn kan verwag. Ons moet nie moedeloos word as dit swaar gaan nie – die Here het immers gesê dit gaan gebeur. Maar onthou, soos wat Hy vir Moses gesê het, sê Hy ook vir ons: “Ek is immers by jou.” Die Verbondsgod, die driemaal heilige God is by ons – laat ons op Hom vertrou om ons by volkome heiligheid te bring, sodat ons in die hiernamaals met vrymoedigheid in Sy teenwoordigheid kan kom.